higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4

(5050094)

27 Februarie 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCCV

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

normverwysend; vormings-; kriteria; observasieblad; assesseringstrategie; terugvoer; eties; outentiek; ekstern; integreer; joernale

1.1 Die proses om elke leerder ten opsigte van sy/haar klasmaats op 'n ranglys te plaas, is ...

1.2 Ons gebruik … assessering wanneer 'n onderwyser wil weet of 'n leerder vordering maak of nie.

1.3 Die standaarde, riglyne en vereistes waarteen assesserings geassesseer word, word … genoem.

1.4 'n … word algemeen in voorskoolse omgewings gebruik.

1.5 'n … is 'n breë plan van aksie wat opgestel word om leerderprestasie te assesseer.

1.6 Nadat 'n assessering nagesien is, gee die lektor vir die leerders … daaroor.

1.7 Jy is … korrek wanneer jy die verskil ken tussen reg en verkeerd.

1.8 'n Assessering wat kennis, vaardighede, waardes en houdings assesseer in kontekste wat ten nouste met werklike situasies ooreenstem, word beskou as …

1.9 Om te … is om aparte elemente te kombineer sodat dit totaal sin maak.

1.10 … is skriftelike werk wat oor 'n tydperk deur leerders gedoen is om hulle persoonlike leerervarings op te teken en daaroor te reflekteer.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer AL jou antwoorde.

2.1 Stresbeheer is nie belangrik vir 'n onderwyser nie.

2.2 Sigbaarheid in 'n klaskamer is 'n noodsaaklikheid.

2.3 Selfagting ('Self-esteem') is die waarde wat ons aan ons vermoëns, ons liggame en ons gevoelens heg.

2.4 Ruimtelike ('Spatial') intelligensie kan deur die gebruik van vloeikaarte en grafiese organiseerders hanteer word.

2.5 Verkleurmannetjiebestuur ('Chameleon management') word toegepas wanneer 'n opvoeder die neiging het om laat en vergeetagtig te wees.

2.6 Konstruktiewe detensie ('Constructive detection') in skole betrek die ouers.

2.7 Verbale kommunikasie vind plaas wanneer jy met leerders praat en hulle inlig oor enige wangedrag wat plaasgevind het.

(7 × 2) **[14]**

VRAAG 3

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 (Grondslag-/Praktiese) bevoegdheid is 'n onderwyser se vermoë om te verstaan wat hy/sy onderrig en hoekom hy/sy dit onderrig.

3.2 (Gedeeltelike/Holistiese) onderwys vind plaas wanneer jy leerders in totaliteit onderrig, van kognitiewe tot fisiese ontwikkeling.

3.3 (Kritiese/Reflektiewe) denke vind plaas wanneer jy baie aspekte van onderwys ondersoek, interpreteer en ontleed.

3.4 Wanneer 'n onderwyser reflekteer met kollegas, in pare of in groepe, vind daar (portuur-/self-) refleksie plaas.

3.5 'n Proses wat plaasvind in die volgorde: versameling van inligting, hersiening, en refleksie, word 'n (handelende/sikliese) proses genoem.

3.6 Om te kyk na en 'n mening te vorm oor 'n taak wat uitgevoer word, is om (op te tree/te takseer ('appraise').

(6 × 1) **[6]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Bekwaamheid	A	taal van leer en onderrig ('language of learning and teaching')
4.2	Vakuitkoms	B	uitkomsgebaseerde onderwys
4.3	Moderering	C	die vermoë om kennis en vaardighede op 'n sekere manier toe te pas
4.4	Bewys	D	die persoon wat besluit of die leerder bekwaam is volgens die uitkomstes waaroor ooreengekom is
4.5	Assessor	E	stellings wat vaardighede, kennis en waardes verduidelik wat geassesseer gaan word
4.6	'LoLT'	F	dit beskryf wat 'n leerder moet weet en doen om bevoeg verklaar te word teen 'n assesseringstandaard
4.7	Leergebiede	G	'n proses wat die egtheid van assesseringsresultate bevestig
4.8	Uitkomstes	H	tale, wiskunde, natuurwetenskappe, tegnologie, sosiale wetenskappe, kuns en kultuur, lewensoriëntering, ekonomie en bestuurswetenskappe
4.9	UGO ('OBE')	I	sluit in antwoorde op vrae, beskrywings van geobserveerde werkverrigting, projekte, take ensovoorts
4.10	Beleid	J	'n plan wat die doelstellings en doelwitte van 'n spesifieke kursus ('course') uiteensit
		K	'n amptelike verklaring van 'n staatsdepartement wat duidelike leiding en beginsels gee vir iets wat gedoen moet word

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem enige VYF ondersteuningsmateriale vir leer en onderrig ('LTSM') wat 'n onderwyser kan gebruik om sy/haar lesse te verryk. (5)

5.2 Skryf die volgende afkortings voluit:

5.2.1 VU ('SO')

5.2.2 NKV ('NCS')

5.2.3 NKR ('NQF')

(3 × 1) (3)

5.3 Verduidelik die volgende benaderings tot leeromgewingsbestuur:

5.3.1 Humanistiese benadering

5.3.2 Laissez-faire-benadering

5.3.3 Demokratiese benadering

(3 × 2) (6)

5.4 Verduidelik die verskil tussen *informele assessering* en *formele assessering*.

(2 × 2) (4)

5.5 Noem VYF goeie redes waarom terugvoer 'n goeie gebruik is. (5 × 2) (10)

5.6 Verduidelik wat bedoel word met persoonlike ontwikkeling as 'n vorm van reflektiewe onderrig ('reflective teaching'). (5 × 1) (5)

5.7 Beskryf wat met die term *onderwysbenadering* ('education approach') bedoel word. (2 × 1) (2)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

NCCV

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Gebruik die lesplanstruktuur hier onder en die gegewe inligting om hierdie vraag te beantwoord.

Teken die lesplan in die ANTWOORDBOEK oor en skryf die toepaslike kommentaar in die ruimte wat voorsien is.

- Vandag se datum
- Wat wil die onderwyser hê dat die leerders moet leer en moet kan doen as gevolg van die les?
- Hoe sal die onderwyser weet of die leerders bereik het wat met die les beoog is?
- Hoe sal die onderwyser die les tot 'n logiese einde bring?
- Wat gaan die leerders tydens die les doen?
- Wat is die sleutelfeite, begrippe, of prosedures wat die onderwyser die leerders wil laat verstaan as gevolg van die les?
- Die beginopmerkings, en die motivering van leerders om gereed te maak vir die les.
- Wat gaan die onderwyser doen tydens die les?
- Waaroor die les gaan

(9 × 2) + (2 vir korrekte kopiëring van die templaat) (20)

TEMPLAAT VAN LESPLAN

LESTITEL	**DATUM**
UITKOMSTES	
INLEIDING	
LESINHOUD	
ONDERWYSER SE AKTIWITEITE	**LEERDER SE AKTIWITEITE**
ASSESSERING / EVALUERING	
AFSLUITING:	

6.2 Noem enige VYF beginsels vir die bestuur van die fisiese omgewing, buiten sitplekreëlings. (5)

[25]

VRAAG 7

7.1 Wat kan 'n onderwyser volgens jou doen om musikale intelligensie aan te moedig? (4 × 1) (4)

7.2 Verduidelik die doelstelling van 'n MIV- en VIGS-beleid. (5 × 2) (10)

7.3 Bespreek enige DRIE (chronologiese) stappe wat gevolg moet word wanneer 'n leerprogram ontwikkel word. (3 × 2) (6)

7.4 Noem enige VYF soorte sosio-ekonomiese versperrings ('barriers') tot leer. (5)

[25]

VRAAG 8

8.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Mev. Moloi gee onderrig aan 'n graad 3-klas. Sy het 32 leerders in haar klas en het 'n aantal kinders wat probleme met leer ondervind.
Lina is 'n baie stil meisie wat nie veel deelneem in die klas nie. Haar werk is baie netjies maar sy voer dikwels nie die opdragte korrek uit nie. Mev. Moloi moet haar baiemaal herinner aan wat sy gesê het. Wanneer Mev. Moloi met haar praat reageer Lina baiekeer nie totdat Mev. Moloi aan haar arm of skouer raak.
Peter is 'n baie aktiewe seun wat nie vir meer as 'n paar minute op 'n slag kan stilsit nie. Hy skree die antwoorde uit en wil altyd eerste wees. Mev. Moloi vind dit baie moeilik om hom op sy werk te laat fokus. Die enigste tyd dat sy hom kan hanteer is tydens buitelugaktiwiteite, aangesien hy baie lief is vir sport, veral hardloop en sokker. Mev. Moloi voel dat sy sy ouers moet laat kom om sy ontwrigtende gedrag te bespreek.

8.1.1 Wat na jou mening is Lina se versperring ('barrier')? (1)

8.1.2 Watter raad sou jy aan Mev. Moloi gee om te verseker dat Lina sukses behaal in die klas? (2 × 1) (2)

8.1.3 Wat na jou mening is Peter se versperring ('barrier')? Verduidelik hierdie versperring tot leer. (3 × 1) (3)

8.1.4 Dink jy Mev. Moloi moet met die ouers van al twee kinders in verbinding tree? Motiveer jou antwoord. (1 + 2 × 2) (5)

8.2 Watter assesseringstaak sal jy gebruik vir die volgende soorte kontekste:

8.2.1 'n Stuk skryfwerk wat toepaslike inligting in 'n logiese volgorde moet insluit, wat 'n leerder se vermoë sal toon om inligting en menings in 'n geheel saam te vat ('synthesise').

8.2.2 Werk wat 'n uitgebreide stuk werk behels, wat insluit aktiwiteite gebaseer op navrae ('inquiry-based activities').

Kopiereg voorbehou

8.2.3 Werk wat die beskrywing behels van 'n gebeurtenis ten opsigte van 'n werklike situasie, gewoonlik in die vorm van 'n paragraaf of teks.

8.2.4 Werk wat 'n grafiese voorstelling behels van 'n leerder se kennis oor 'n onderwerp.

8.2.5 Werk wat die generering van bewyse deur leerders behels. (5 × 2) (10)

8.3 Verduidelik die *steekproefmetode* ('sampling method') wanneer moderering gedoen word. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 9

9.1 Noem en verduidelik kortliks, enige VYF beginsels van moderering. (5 × 2) (10)

9.2 Bespreek jou mening oor die implikasies van moderering vir onderwysers. (4 × 2) (8)

9.3 Noem enige VIER beginsels onderliggend aan konstruktiewe terugvoer. (4 × 1) (4)

9.4 Noem die voordele wat dit inhou vir die onderwyser om 'n kurrikulum te hê. (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 10

10.1 Noem, en beskryf kortliks, die soort inligting wat 'n leerder op die internet kan kry om met 'n projek te help. (5 × 1) (5)

10.2 Bespreek kortliks waarom assessering 'n belangrike deel van UGO ('OBE') uitmaak. (3 × 2) (6)

10.3 Gee VIER redes waarom onderwysers sensitief moet wees vir taalverskille in die klas. (4 × 2) (8)

10.4 'n Onderwyser gee klas in Engels maar baie leerders se huistaal is isiXhosa.

Beskryf kortliks hoe die onderwyser hierdie uitdaging die hoof kan bied. (3 × 1) (3)

10.5 Noem die DRIE stappe in reflektiewe onderwys ('reflective teaching'). (3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou